

23 Junie 1 Konings 18:1-21

(Teks: 18:21)

Om te hink op twee gedagtes is vir die Here onaanvaarbaar

Elia konfronteer die volk Israel met die dringende vraag: "Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom, maar as dit Baäl is, volg hom." Julle kan nie langer die Here en Baäl dien nie. 'n Dubbelagtige godsdiens is vir die Here onaanvaarbaar.

Israel hink op twee gedagtes: Die letterlike bedoeling met hierdie uitdrukking is: Israel is wat hulle godsdienstige lewe betref mank aan albei bene. Hulle hink tussen die Here God aan die een kant en Baäl aan die ander kant. Hulle dien God met 'n halwe hart en hulle dien Baäl met 'n halwe hart. Israel is dus 'n geestelike invalide; in hulle godsdiensbeleving is hulle struikelende en vallende, slinger hulle dan na hierdie kant en dan na daardie kant

Elia pleit by die volk: Dien God alleen! Erken dat die Here alleen God is. Hy roep hulle op tot gehoorsaamheid aan die eerste gebod: "Julle mag naas My geen ander gode hê nie" (Eks 20:3). In die positiewe vorm sou dit lui: Jy moet die Here jou God alleen dien.

God is 'n enige God en as sodanig moet Hy gedien word. Jy kan nie God en Mammon dien nie. Enige God plus-godsdiens is sonde voor sy aangesig, soos God plus genot, God plus geld, God plus my motorboot, ens. Dit is om te hink op twee gedagtes. Ja, ook wanneer ek twyfel oor God se beskikkinge in my lewe en ek vra: Is ek 'n uitverkore kind? Dan hink ek op twee gedagtes. Nee, ek moet sekerheid hê en ek het dit alleen deur 'n ware geloof. "Wie in My glo, het die ewige lewe" (Joh. 6:47).

Ons Here Jesus was dié voorbeeld: Nooit het Hy gehink op twee gedagtes nie. Nie toe hy versoek is deur die duiwel nie, nie in Getsemane nie, ook nie aan die kruishout nie. Onder alle omstandighede het Hy enkel die wil van sy hemelse Vader volbring.

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart..." Dis die baie moeilike eis aan ons. God vra 'n hele hart, nie 'n halwe nie.